Alle eiendomme (met inbegrip van alle onontwikkelde eiendomme) buiten dié wat as residensieel omskryf is, word belas in 'n verhouding van 1:2 tot die tarief wat op residensiële eiendomme gehef word. Die voorgestelde sent-in-die-rand vir alle eiendomme buiten residensiële eiendomme vir 2017/18 is R0,013434.

### **Landbou-eiendomme**

Landbou-eiendomme (met inbegrip van plase en kleinhoewes) word in drie kategorieë ingedeel:

- (a) eiendomme wat vir residensiële doeleindes gebruik word,
- (b) eiendomme wat vir bona fide-boerderydoeleindes gebruik word,
- (c) eiendomme wat vir ander doeleindes, byvoorbeeld industrieel of kommersieel, gebruik word.

Eiendomme in landelike gebiede wat nie vir bona fide-boerdery nie maar as residensiële eiendomme gebruik word, sal as "residensieel" gekategoriseer word en in aanmerking kom vir die korting van tot en met die eerste R200 000 van die munisipale waarde ooreenkomstig die algemene waardasielys en die residensiële sent-in-die-rand. Die voorgestelde sent-in-die-rand vir landbou-eiendomme of kleinhoewes wat vir residensiële status kwalifiseer, is R0,006717 vir 2017/18.

Bona fide-boerderyeiendomme soos omskryf in die eiendomsbelastingbeleid, kom in aanmerking vir die spesiale landboutarief vir 2017/18, wat 'n korting van 80% is van die tarief wat op residensiële eiendomme gehef word. Hierdie korting oorskry die 75%-korting volgens die regulasies van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting. Die voorgestelde sent-in-die-rand wat op sodanige kwalifiserende eiendomme vir 2017/18 gehef word, is R0,0013434.

Alle ander eiendomme in landelike gebiede wat nie vir bona fide-boerdery- of residensiële doeleindes gebruik word nie, word belas in 'n verhouding van 1:2 tot die tarief wat op residensiële eiendomme gehef word, en die voorgestelde sent-in-die-rand vir 2017/18 is R0,013434.

### **Openbarediens-infrastruktuur**

Ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting mag die Raad nie belasting hef op die eerste 30% van die markwaarde van openbarediens-infrastruktuur nie. Die oorblywende markwaarde word belas in 'n verhouding van 1:0,25 van die residensiële tarief (ongeg enige kortings of verminderings), en die voorgestelde sent-in-die-rand vir 2017/18 is R0,001679.

### **Openbarediens-infrastruktuur (uitfasering van tussentydse reëling)**

Die Wysigingswet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting skryf die uitfasering van die belastingaanspreeklikheid vir sekere openbarediens-infrastruktuur oor 'n tydperk van vyf boekjare voor. Vir die boekjaar 2017/18 moet die belasting nie 60% oorskry van die belasting wat gehef sou word indien die Wysigingswet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting nie in werking gestel is nie. Die voorgestelde sent-in-die-rand vir 2017/18 vir die eiendomme wat in artikel 17(1)(aA) van die Wysigingswet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting gelys word, is R0,000672.

### **Belastingkorting vir senior burgers**

Geregistreerde eienaars van residensiële eiendomme wat senior burgers is, kom vir spesiale kortings in aanmerking na gelang van die bruto maandelikse huishoudelike inkomste van die persone wat normaalweg op daardie eiendom woon. Ten einde vir die korting in aanmerking te kom, moet die eiendomseienaar 'n natuurlike persoon wees, die eiendom moet aan die vereistes van die omskrywing van 'n residensiële eiendom voldoen, en moet die eiendomseienaar op 1 Julie van die boekjaar:

- die eiendom as sy/haar hoofverblyfplek bewoon, met dien verstande dat waar die eienaar sonder sy/haar toedoen nie op die eiendom kan woon nie, die gade of lewensmaat of kinders (insluitend minderjarige kinders) aan die bewoningsvereistes voldoen; en
- minstens 60 jaar oud wees; en
- 'n bruto maandelikse huishoudelike inkomste ontvang, soos omskryf in paragraaf 3 van die eiendomsbelastingbeleid, van nie meer as R15 000 nie, soos bewys deur die voorlegging van die aansoeker se mees onlangse inkomstebelastingaanslag en ten minste drie maande se bankstate van alle finansiële instellings of, as die persoon nie 'n bankrekening het nie, sodanige bewys wat die Stad kan verlang om die persoon se vlak van bruto maandelikse huishoudelike inkomste te staaf; en die aansoeker en/of gade en/of lewensmaat moet nie die eienaar van meer as een eiendom nasionaal (met die uitsondering van enige onproduktiewe onbeboude grond) of internasionaal wees nie (onderworpe aan paragraaf 5.8.11 van die eiendomsbelastingbeleid).

'n Vruggebruiker of habitatio (reg van bewoning) of 'n eksekuteur of administrateur van 'n bestorwe boedel sal as 'n eienaar geag word. Die aansoeker moet egter 'n brief of beëdigde verklaring van die Meester van die Hof of toepaslik geëndosseerde titelakte of addendum tot die titelakte voorlê om die aanstelling te staaf.

Daar kan na goeëddunke van die hoof- finansiële beamppte van die kriteria vir 'n natuurlike persoon afgesien word ten einde voorsiening te maak vir 'n eiendom in besit van 'n trust waar ten minste een begunstigde aan al die ander vereistes van paragraaf 5.8 van die eiendomsbelastingbeleid voldoen, met dien verstande dat die bruto maandelikse huishoudelike inkomste van die persone wat normaalweg op die betrokke eiendom woon, by die bruto maandelikse huishoudelike inkomste van alle begunstigdes getel word, welke inkomste saam nie meer as R15 000 mag wees nie.

Daar kan na goeddunke van die hoof- finansiële beampte van die kriteria vir 'n natuurlike persoon afgesien word ten einde voorsiening te maak vir 'n eiendom in besit van 'n beslote korporasie (BK) waar al die lede aan al die ander vereistes van paragraaf 5.8 van die eiendomsbelastingbeleid voldoen, met dien verstande dat die bruto maandelikse huishoudelike inkomste van die persone wat normaalweg op die betrokke eiendom woon, by die bruto maandelikse huishoudelike inkomste van alle lede getel word, welke inkomste saam nie meer as R15 000 mag wees nie.

Daar kan na goeddunke van die hoof- finansiële beampte van die kriteria vir 'n natuurlike persoon afgesien word ten einde voorsiening te maak vir 'n eiendom in besit van vele eienaars waar ten minste een mede-eenaar aan al die ander vereistes van paragraaf 5.8 van die eiendomsbelastingbeleid voldoen, met dien verstande dat die bruto maandelikse huishoudelike inkomste van die persone wat normaalweg op die betrokke eiendom woon, by die bruto maandelikse huishoudelike inkomste van die mede-eienaars van die betrokke eiendom getel word, welke inkomste saam nie meer as R15 000 mag wees nie.

Daar kan na goeddunke van die hoof- finansiële beampte van die kriteria vir 'n geregistreerde eenaar (soos per die Akteskantoor) afgesien word ten einde voorsiening te maak vir die houer van 'n aandeel of die houer van 'n lewensreg wat daardie eiendom bewoon waarop daardie persoon 'n okkupasiereg het en wat verantwoordelik is vir die betaling van die eiendomsbelasting ingevolge sodanige okkupasiereg, sodat daardie eenaar en bewoner om hierdie korting kan aansoek doen (onderworpe aan al die ander toepaslike vereistes van paragraaf 5.8 van die eiendomsbelastingbeleid).

Eienaars moet om die korting aansoek doen in die jaar wanneer 'n nuwe algemene waardasie (GV) of aanvullende waardasie (SV) in werking gestel word. Aansoeke wat gedoen word wanneer 'n nuwe GV in werking gestel word, moet deur die Stad ontvang word teen 31 Augustus van die boekjaar wanneer die GV in werking gestel sal word ten einde die korting vanaf 1 Julie van daardie jaar te ontvang. Aansoeke wat gedoen word wanneer 'n SV in werking gestel word, moet deur die Stad ontvang word teen die laaste dag van die derde maand ná die inwerkingstellingsdatum van die SV ten einde die korting vanaf die inwerkingstellingsdatum van die SV te ontvang. Indien nie, sal geen korting vir daardie boekjare toegestaan word nie.

Eienaars van eiendomme waar die eiendom weens 'n verandering in bruto huishoudelike inkomste vir 'n korting of 'n ander kortingspersentasie kwalifiseer, moet aansoek doen om die korting binne drie maande nadat die verandering ingetree het. Indien nie, sal geen sodanige korting vir daardie boekjaar toegestaan word nie.

Goedgekeurde kortingsaansoeke sal geldig bly tot die volgende algemene waardasie (GV), spesiale waardasie (SV) of veranderinge in bruto huishoudelike inkomste wat daardie eiendomme raak, in werking gestel word. 'n Eenaar moet die Raad binne 3 maande in kennis stel as daar 'n verandering in die bruto maandelikse inkomste is. Versuim om 'n verandering in bruto maandelikse inkomste aan te meld, sal die herroeping van die korting tot gevolg hê.

Enige eenaar wat aan al die ander kriteria hierbo voldoen, kan aansoek doen om die korting te ontvang vanaf die datum wat die Stad die aansoek ontvang het, vir die res van die tyd wat daardie GV geldig is, waarna al die kriteria hierbo van toepassing sal wees op aansoeke om kortings in daaropvolgende boekjare.

In buitengewone omstandighede kan die hoof- finansiële beampte na sy/haar goeddunke die toestaan van dié korting goedkeur, selfs al besit die aansoeker en/of gade en/of lewensmaat bykomende eiendomme waarvoor 'n markverwante huurbedrag by die bruto maandelikse huishoudelike inkomste ingesluit is.

Waar 'n senior burger se bruto maandelikse huishoudelike inkomste aansienlik verander weens die afsterwe van 'n gade/lebensmaat, kan die oorlewende gade/lebensmaat aansoek doen om die aanpassing van die korting vanaf die datum van afsterwe.

Waar 'n paartjie ooreenkomstig paragraaf 5.8 van die eiendomsbelastingbeleid vir 'n korting kwalifiseer en een sou te sterwe kom en die oorlewende gade/lebensmaat kwalifiseer nie ten opsigte van ouderdom nie, sal die korting vir 'n tydperk van 12 maande vanaf die datum van afsterwe behou word, onderworpe daaraan dat daar aan die ander kriteria van paragraaf 5.8 van die gemelde beleid voldoen word.

Waar 'n belastingbetaler ingevolge paragraaf 5.8 van die eiendomsbelastingbeleid vir 'n korting in aanmerking kom en tot sterwe kom en 'n huishouding met 'n kind aan die hoof agterlaat en waar die kind nie op grond van ouderdom kwalifiseer nie, sal die korting vir 'n tydperk van 12 maande vanaf die datum van afsterwe behou word, onderworpe daaraan dat daar aan die ander kriteria van paragraaf 5.8 voldoen word.

Die persentasie korting wat aan verskillende vlakke bruto maandelikse huishoudelike inkomste toegestaan word, sal volgens die onderstaande skedule bepaal word.

**Die bruto maandelikse huishoudelike inkomste en kortings vir die boekjaar 2017/2018 is soos volg:**

Bruto maandelikse huishoudelike inkomste		% korting	Bruto maandelikse huishoudelike inkomste		% korting
2016/17		2016/17	2017/18		2017/18
0	4000	100%	0	4000	100%
4001	6000	95%	4001	6000	95%
6001	7000	90%	6001	7000	90%
7001	8000	80%	7001	8000	80%
8001	9000	70%	8001	9000	70%
9001	10000	60%	9001	10000	60%
10001	11000	50%	10001	11000	50%
11001	12000	40%	11001	12000	40%
12001	13000	30%	12001	13000	30%
13001	14000	20%	13001	14000	20%
14001	15000	10%	14001	15000	10%

#### **Belastingkorting vir persone met gestremdhede**

Geregistreerde eienaars van residensiële eiendomme wat persone met gestremdhede is, kom vir spesiale kortings in aanmerking na gelang van die bruto maandelikse huishoudelike inkomste van al die persone wat normaalweg op daardie eiendom woon. Ten einde vir die korting in aanmerking te kom, moet die eiendomseienaar 'n natuurlike persoon wees en die eiendom moet aan die vereistes van die omskrywing van 'n residensiële eiendom voldoen, en die eiendomseienaar moet op 1 Julie van die boekjaar:

- die eiendom as sy/haar hoofverblyfplek bewoon, met dien verstande dat waar die eienaar sonder sy/haar toedoen nie op die eiendom kan woon nie, die gade of lewensmaat of kinders (insluitend minderjarige kinders) aan die bewoningsvereistes kan voldoen; en
- 'n ongeskiktheidspensioen ontvang; en
- 'n bruto maandelikse huishoudelike inkomste, soos omskryf in paragraaf 3 van die eiendomsbelastingbeleid, van nie meer as R15 000 ontvang nie, soos bewys deur die voorlegging van die aansoeker se jongste inkomstebelastingaanslag en ten minste drie maande se bankstate van alle finansiële instellings of, as die persoon nie 'n bankrekening het nie, sodanige bewys wat die Stad kan verlang om die persoon se vlak van bruto maandelikse huishoudelike inkomste te staaf; en die aansoeker en/of gade en/of lewensmaat moet nie die eienaar van meer as een eiendom nasionaal (met die uitsondering van enige onproduktiewe onbeboude grond) of internasionaal wees nie (onderworpe aan paragraaf 5.9.11 van die eiendomsbelastingbeleid).

'n Vruggebruiker of habitatio (reg van bewoning) of 'n eksekuteur of administrateur van 'n bestorwe boedel sal as 'n eienaar geag word. Die aansoeker moet egter 'n brief of beëdigde verklaring van die Meester van die Hof of 'n toepaslik geëndosseerde titelakte of addendum tot die titelakte voorlê om die aanstelling te staaf.

Daar kan na goeëddunke van die hoof- finansiële beampte van die kriteria vir 'n natuurlike persoon afgesien word ten einde voorsiening te maak vir 'n eiendom in besit van 'n trust waar ten minste een begunstigde aan al die ander vereistes van paragraaf 5.9 van die eiendomsbelastingbeleid voldoen, met dien verstande dat die bruto maandelikse huishoudelike inkomste van die persone wat normaalweg op die betrokke eiendom woon, by die bruto maandelikse huishoudelike inkomste van alle begunstigdes getel word, welke inkomste saam nie meer as R15 000 mag wees nie.

Daar kan na goeëddunke van die hoof- finansiële beampte van die kriteria vir 'n natuurlike persoon afgesien word ten einde voorsiening te maak vir 'n eiendom in besit van 'n beslote korporasie (BK) waar al die lede aan al die ander vereistes van paragraaf 5.9 van die eiendomsbelastingbeleid voldoen, met dien verstande dat die bruto maandelikse huishoudelike inkomste van die persone wat normaalweg op die betrokke eiendom woon, by die bruto maandelikse huishoudelike inkomste van alle lede getel word, welke inkomste saam nie meer as R15 000 mag wees nie.

Daar kan na goeëddunke van die hoof- finansiële beampte van die kriteria vir 'n natuurlike persoon afgesien word ten einde voorsiening te maak vir 'n eiendom in besit van vele eienaars waar ten minste een mede-eienaar aan al die ander vereistes van paragraaf 5.9 van die eiendomsbelastingbeleid voldoen, met dien verstande dat die bruto maandelikse huishoudelike inkomste van die persone wat normaalweg op die betrokke eiendom woon, by die bruto maandelikse huishoudelike inkomste van die mede-eienaar(s) van die betrokke eiendom getel word, welke inkomste saam nie meer as R15 000 mag wees nie.

Daar kan na goeëddunke van die hoof- finansiële beampte van die kriteria vir 'n geregistreerde eienaar (soos per die Akteskantoor) afgesien word ten einde voorsiening te maak vir die houer van 'n aandeel of die houer van 'n lewensreg wat daardie eiendom bewoon waarop daardie persoon 'n okkupasiereg het en wat verantwoordelik is vir die betaling van die eiendomsbelasting ingevolge sodanige okkupasiereg, sodat daardie eienaar en bewoner om hierdie korting kan aansoek doen (onderworpe aan al die ander toepaslike vereistes van paragraaf 5.9 van die eiendomsbelastingbeleid).

Eienaars moet om die korting aansoek doen in die jaar wanneer 'n nuwe algemene waardasie (GV) of aanvullende waardasie (SV) in werking gestel word. Aansoeke wat gedoen word wanneer 'n nuwe GV in werking gestel word, moet deur die Stad ontvang word teen 31 Augustus van die boekjaar

wanneer die GV in werking gestel word. Aansoeke wat gedoen word wanneer 'n SV in werking gestel word, moet deur die Stad ontvang word teen die laaste dag van die derde maand ná die inwerkingstellingsdatum van die SV. Indien nie, sal geen korting vir daardie boekjare toegestaan word nie.

Eienaars van eiendomme waar die eiendom weens 'n verandering in bruto huishoudelike inkomste vir 'n korting of 'n ander kortingspersentasie kwalifiseer, moet aansoek doen om die korting binne drie maande nadat die verandering ingetree het. Indien nie, sal geen sodanige korting vir daardie boekjaar toegestaan word nie.

Goedgekeurde kortingsaansoeke sal geldig bly tot die volgende GV, SV of veranderinge in bruto huishoudelike inkomste wat daardie eiendomme raak, in werking gestel word. 'n Eenaar moet die Raad onmiddellik in kennis stel as daar 'n verandering in die bruto maandelikse inkomste is. Indien 'n eenaar versuim om dit te doen, geld paragraaf 7.2 van die eiendomsbelastingbeleid.

Enige eenaar wat aan al die ander kriteria hierbo voldoen, kan aansoek doen om die korting te ontvang vanaf die datum wat die Stad die aansoek ontvang het, vir die res van die tyd wat daardie GV geldig is, waarna al die kriteria hierbo van toepassing sal wees op aansoeke om kortings in daaropvolgende boekjare.

In buitengewone omstandighede kan die hoof- finansiële beampte na sy/haar goeddunke die toestaan van dié korting goedkeur, selfs al besit die aansoeker en/of gade en/of lewensmaat bykomende eiendomme waarvoor 'n markverwante huurbedrag by die bruto maandelikse huishoudelike inkomste ingesluit is.

Waar 'n gestremde persoon se bruto maandelikse huishoudelike inkomste aansienlik verander weens die afsterwe van 'n gade/lebensmaat, kan die oorlewende gade/maat aansoek doen om die aanpassing van die korting vanaf die datum van afsterwe.

Waar 'n paartjie ooreenkomstig paragraaf 5.9 van die eiendomsbelastingbeleid vir 'n korting kwalifiseer en een sou te sterwe kom en die oorlewende gade/lebensmaat nie ten opsigte van gestremdheid kwalifiseer nie, sal die korting vir 'n tydperk van 12 maande vanaf die datum van afsterwe behou word, onderworpe daaraan dat daar aan die ander kriteria van paragraaf 5.9 van hierdie beleid voldoen word.

Waar 'n belastingbetaler ingevolge paragraaf 5.9 van die eiendomsbelastingbeleid vir 'n korting in aanmerking kom en tot sterwe kom en 'n huishouding waar 'n kind aan die hoof staan, agterlaat waar die kind nie op grond van gestremdheid kwalifiseer nie, sal die korting vir 'n tydperk van 12 maande vanaf die datum van afsterwe behou word, onderworpe daaraan dat daar aan die ander kriteria van paragraaf 5.9 voldoen word.

Die persentasie korting wat aan verskillende vlakke bruto maandelikse huishoudelike inkomste toegestaan word, sal volgens die onderstaande skedule bepaal word.

**Die bruto maandelikse huishoudelike inkomste en kortings vir die boekjaar 2017/2018 is soos volg:**

Bruto maandelikse huishoudelike inkomste		% korting	Bruto maandelikse huishoudelike inkomste		% korting
2016/17		2016/17	2017/18		2017/18
0	4000	100%	0	4000	100%
4001	6000	95%	4001	6000	95%
6001	7000	90%	6001	7000	90%
7001	8000	80%	7001	8000	80%
8001	9000	70%	8001	9000	70%
9001	10000	60%	9001	10000	60%
10001	11000	50%	10001	11000	50%
11001	12000	40%	11001	12000	40%
12001	13000	30%	12001	13000	30%
13001	14000	20%	13001	14000	20%
14001	15000	10%	14001	15000	10%

#### **Kortings vir bepaalde kategorieë eiendomme/eiendomsgebruikers**

Spesiale kortings sal by aansoek voor 31 Augustus 2017 vir bepaalde kategorieë eiendomme oorweeg word.

Die kategorieë eiendomme wat vir vrystelling en kortings in aanmerking kom, word in die eiendomsbelastingbeleid vervat.

#### **Gewysigde regulasies oor munisipale eiendomsbelasting oor die tariefverhoudings tussen residensiële en nie-residensiële eiendomme**

Enige eiendom wat voldoen aan die kriteria vir 'n openbarevoordeelorganisasie ingevolge die regulasie, maar wat nie in aanmerking kom vir die 100%-korting ingevolge die Raad se eiendomsbelastingbeleid nie, word belas teen 25% van die residensiële tarief, en die sent-in-die-rand vir 2017/18 is R0,001679.

Twee artikels oor kortings ten opsigte van erfeniseiendomme is heropgestel om die beleid met erfeniswetgewing in pas te bring (paragrafe 5.12.9 en 6.3)

Spesiale vrystellings vir onaktiewe begraafplase is verfyn om voorsiening te maak vir die situasie waar die eienaar nie opgespoor kan word nie.

#### **Begrotingsimplikasies**

Die begroting vir 2017/18 is gebalanseer op grond van die geraamde inkomste uit die eiendomsbelastingheffings soos in dié verslag uiteengesit.

Die begroting vir 2017/18 maak voorsiening vir die verlore inkomste wat spruit uit die kortings en toegewings in hierdie verslag, soos uiteengesit in die eiendomsbelastingbeleid.



FINANSIES - WAARDASIES - EIENDOMSBELASTING						
	DIENTE GELEWER	EENHEID	OPMERKINGS	2016/17	BTW	2017/18
				R	Ja/Nee	R
1.	Eiendomsbelasting word bepaal ingevolge artikel 3 van hoofstuk 2 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004.				N	
1.1	Eiendomsbelasting sal ooreenkomstig die Algemene Waardasielys van 2015 en die konsepeiendomsbelastingbeleid van 2017/18 gehef word.				N	
1.2	Vir alle residensiële eiendomme soos omskryf in die eiendomsbelastingbeleid, word 'n korting toegestaan op die eerste R200 000 in eiendoms waarde, tot en met 'n bedrag gelykstaande aan die belasting wat op 'n waarde van R200 000 betaalbaar is.				N	
1.3	'n Spesiale korting sal toegestaan word aan alle eiendomseienaars wat ingevolge en ooreenkomstig die konsepbelastingkortingskema vir senior burgers en persone met gestremdhede kwalifiseer, soos wat dit in die eiendomsbelastingbeleid verskyn en deur die Raad aanvaar is.				N	
1.4	Landboueiendomme wat vir die spesiale korting kwalifiseer.		Korting op residensiële tarief 80%		N	
1.5	Landboueiendomme en kleinhoewes in landelike gebiede wat vir die residensiële korting kwalifiseer.	Rand-in-die-rand		0.006397	N	0.006717
1.6	Bona fide-boerderyeiendomme	Rand-in-die-rand		0.001280	N	0.001343
1.7	Residensiële eiendomme	Rand-in-die-rand		0.006397	N	0.006717
1.8	Alle ander eiendomme wat nie vir kortings in aanmerking kom nie	Rand-in-die-rand		0.012795	N	0.013434
1.9	Openbare diens-infrastruktuur	Rand-in-die-rand	Van toepassing op 70% van waardasie	0.001599	N	0.001679
1.10	Openbare diens-infrastruktuur (uitfasering)	Rand-in-die-rand		0.000959	N	0.000672
1.11	'n Spesiale korting sal aan sekere eiendoms-kategorieë toegestaan word op aansoek elke jaar voor 31 Augustus, ingevolge die konsepeiendomsbelastingbeleid.				N	
1.12	Alle eiendomme wat voldoen aan die kriteria van 'n openbare voordeelorganisasie wat by die regulasies van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting ingesluit is en wat nie ingevolge 1.10 hierbo kwalifiseer nie.	Rand-in-die-rand		0.001599	N	0.001679

### BYLAE 3

#### **SPEZIALE-AANSLAGGEBIEDE (SRA's) BYKOMENDE TARIWE 2017/18**

Elke spesiale-aanslaggebied (SRA) moet jaarliks 'n begroting ingevolge die Verordening op Spesiale-aanslaggebiede aan die Stad voorlê. Hierdie begroting moet met die goedgekeurde sakeplan van die SRA strook en moet goedgekeur word deur die maatskappylede by 'n algemene jaarvergadering of spesiale algemene vergadering. Die begrotings vir 2017/18 vir alle SRA's wat in die tabel hieronder verskyn, is almal ingevolge hierdie vereiste goedgekeur voordat dit aan die Stad voorgelê is vir insluiting by die Stad se begrotingsdokument.

Die bedrag van enige bykomende tariewe wat in 'n spesiale-aanslaggebied gehef word, word deur die Raad bepaal. Die bykomende tarief word deur die Raad opgelê, is aan die Stad verskuldig en betaalbaar en ingevorder op dieselfde wyse as ander eiendombelasting wat die Raad oplê. Twee verskillende kategorieë eiendom word geïdentifiseer wanneer 'n bykomende tarief in 'n spesiale-aanslaggebied opgelê word: residensieel en nierresidensieel. Die SRA-beleid bepaal verder dat enige nierresidensiele eiendom met 'n munisipale waardasie van 50% of meer van die totale munisipale waardasie van die SRA waarin dit geleë is, nie meer as 25% van die begroting mag befonds nie. In die Glosderry-stadsverbeteringsdistrik (CID) het een eiendom meer as 50% van die Glosderry-CID se begroting bygedra terwyl hulle net 'n fraksie van die dienste ontvang het. Die insluiting van hierdie nuwe subkategorie vir nierresidensiele eiendomme sal hierdie situasie verlig en hulle bydrae na minder as 25% van die begroting verminder. Alle ander nierresidensiele eiendomseienaars sal 'n verhoging van 61,3% of R87,25 per miljoen rand se munisipale waardasie ontvang. By die Glosderry-CID se algemene jaarvergadering het eiendomseienaars aangedui dat hulle bereid is om meer te betaal solank die spesiale-aanslaggebied nie ontbind word nie aangesien dit tot gevolg sal hê dat die gebied na sy vorige toestand van verval sal terugkeer. Gedurende die openbaredeelnametydperk van die Stad se begroting, is alle eiendomseienaars in die Glosderry-CID oor die voorgestelde verhoging in die bykomende tarief ingelig en ook na 'n openbare vergadering op 12 April 2017 genooi waar die voorstel bespreek is. Die voorstel is eenparig by die vergadering gesteun.

Die SRA-verordening (artikel 14(3)) laat die Raad toe om 'n wysiging aan die begroting goed te keur op voorwaarde dat daardie wysiging nie 'n wesenlike invloed op die regte en belange van eiendomseienaars ingevolge die aanvaarde sakeplan van die betrokke SRA sal hê nie.

Die Epping- en Muizenberg-stadsverbeteringsdistrikte toon aansienlike stygings in hul begrotings as gevolg van voorgestelde grensuitbreidings. Die bestaande eiendomseienaars gaan nie die eiendomseienaars in die uitgebreide gebiede subsidieer soos volgens die verordeningseise nie en gaan net 'n 8%-styging in Epping en 6,8%- en 8,2%-styging in Muizenberg vir residensiele en nierresidensiele eiendomseienaars ontvang.

Drie SRA's het hulle lede by hulle algemene jaarvergaderings genader en stygings bo inflasie versoek om die vlak van dienslewering in hulle gebiede te verbeter. Blackheath-stadsverbeteringsdistrik (27,7%), Observatory-verbeteringsdistrik (13,6%) en Oranjekloof-stadsverbeteringsdistrik (13,8%) se versoekte stygings is almal eenparig deur die lede goedgekeur. In Blackheath-CID word die styging in die bykomende tarief tot 18% beperk (gemiddelde maandelikse styging van R16,67 per miljoen rand van munisipale waardasie), Observatory 8,9% vir residensieel en 14% vir nierresidensieel (gemiddeld van R4,83 en R19,00 per miljoen rand se munisipale waardasie) en Oranjekloof-CID 8,1% vir residensieel en 8,4% vir nierresidensieel (gemiddeld van R3,00 en R14,58 per miljoen rand van munisipale waardasie).

Llandudno-SRA het die gemeenskap gemobiliseer om 'n styging in hulle begroting van die voorgestelde R566 090, soos in Maart aan die Raad voorgelê, na R2 500 000 te steun om 'n aansienlike toename in misdaadverwante insidente wat die veiligheid van inwoners bedreig, te hanteer. Hierdie voorstel is oorweldigend gesteun by 'n vergadering van Llandudno-SRA se nuwingsgerigte maatskappy wat op 6 April 2017 gehou is.

Die Raad het vier nuwe spesiale-aanslaggebiede in April goedgekeur en dit word in die onderstaande tabel ingesluit (Beaconvale, Montague Gardens-Marconi Beam, Northpine en Penzance Estate).

Die bykomende tariewe vir 2017/18, uitgedruk in rand-in-die-rand en gegrond op die totale eiendomswaardasie per SRA, word vir goedkeuring aan die Raad voorgelê.

Spesiale-aanslaggebied	Goedgekeurde begroting 2016/2017	Bykomende tarief 2016/2017	Voorgestelde begroting 2017/2018	Voorgestelde bykomende tarief 2017/2018
	R	R	R	R
<b>Lughawe-industria</b>	3,377,278	0.001946	3,714,491	0.002139
<b>Athlone</b>	733,715	0.001989	809,356	0.002146
<b>Beaconvale</b>	N.v.t.	N.v.t.	3,115,670	0.002420
<b>Blackheath</b>	1,943,939	0.001111	2,481,938	0.001311
<b>Brackenfell</b>	2,556,638	0.002541	2,773,044	0.002672
<b>Kaapstad-middestad</b>	52,977,266	0.001846	58,138,785	0.001990
<b>Claremont</b>				
-Residensieel	634,207	0.000418	699,373	0.000445
-Nieresidensieel	<u>7,068,751</u>	0.001361	<u>7,542,789</u>	0.001477
Totaal	7,702,958		8,242,162	
<b>Claremont- boulevard</b>				
-Nieresidensieel	3,232,912	0.000623	3,378,393	0.000662
<b>Elsiesrivier</b>	2,239,272	0.002867	2,515,800	0.003198
<b>Epping</b>	7,884,478	0.001165	9,112,998	0.001258
<b>Vishoek</b>				
-Residensieel	183,893	0.000575	217,797	0.000606
-Nieresidensieel	<u>651,983</u>	0.001443	<u>676,734</u>	0.001551
Totaal	835,875		894,531	
<b>Glosderry</b>				
-Nieresidensieel	1,307,844	0.001707	1,144,211	0.002754
-Nieresidensieel > 50%	N.v.t.	N.v.t.	<u>264,178</u>	0.000550
Totaal			1,408,389	
<b>Groenpunt</b>				
-Residensieel	1,024,303	0.000442	1,119,383	0.000457
-Nieresidensieel	<u>4,611,041</u>	0.002159	<u>5,035,266</u>	0.002248
Totaal	5,635,344		6,154,649	
<b>Groote Schuur</b>	5,515,994	0.001739	5,902,114	0.001773
<b>Kalkbaai en St. James</b>				
-Residensieel	1,147,897	0.000475	1,218,628	0.000494
-Nieresidensieel	<u>235,112</u>	0.001496	<u>269,943</u>	0.001576
Totaal	1,383,009		1,488,571	

<b>Little Mowbray / Rosebank</b>				
-Residensieel	1,258,249	0.000652	1,314,344	0.000670
-Nieresidensieel	<u>510,279</u>	0.001293	<u>560,296</u>	0.001342
Totaal	1,768,528		1,874,640	
<b>Llandudno</b>	433,587	0.000111	2,500,000	0.000612
<b>Maitland</b>	2,423,392	0.001965	2,676,853	0.002215
<b>Montague Gardens- Marconi Beam</b>	N.v.t.	N.v.t.	5,862,223	0.000717
<b>Muizenberg</b>				
-Residensieel	876,677	0.000847	1,064,232	0.000905
-Nieresidensieel	<u>785,611</u>	0.002435	<u>843,752</u>	0.002634
Totaal	1,662,288		1,907,984	
<b>Northpine</b>				
-Residensieel	N.v.t.	N.v.t.	1,524,843	0.001197
-Nieresidensieel	N.v.t.	N.v.t.	<u>289,218</u>	0.002081
Totaal			1,814,061	
<b>Observatory</b>				
-Residensieel	2,306,211	0.000908	2,637,520	0.000989
-Nieresidensieel	<u>2,425,042</u>	0.001633	<u>2,734,970</u>	0.001861
Totaal	4,731,253		5,372,490	
<b>Oranjekloof</b>				
-Residensieel	724,501	0.000442	794,659	0.000478
-Nieresidensieel	<u>4,054,753</u>	0.002087	<u>4,645,041</u>	0.002262
Totaal	4,779,254		5,439,700	
<b>Paardeneiland</b>	3,779,193	0.001072	4,066,352	0.001097
<b>Parow-industria</b>	4,005,747	0.001665	4,292,474	0.001724
<b>Penzance Estate</b>				
-Residensieel	N.v.t.	N.v.t.	882,536	0.001674
-Nieresidensieel	N.v.t.	N.v.t.	<u>112,000</u>	0.003358
Totaal			994,536	
<b>Soutrivier</b>	3,039,781	0.002229	3,247,249	0.002406
<b>Seepunt</b>				
-Residensieel	1,607,120	0.000967	1,710,608	0.000989
-Nieresidensieel	<u>3,270,286</u>	0.002148	<u>3,541,568</u>	0.002251
Totaal	4,877,406		5,252,176	
<b>Somerset-Wes</b>	2,434,614	0.002466	2,619,619	0.002697
<b>Stikland- Industriële gebied</b>	3,077,339	0.001881	3,264,977	0.001987
<b>Strand</b>	1,009,293	0.002334	1,101,378	0.002592
<b>Triangle- industria</b>	2,009,285	0.002953	2,120,330	0.003100
<b>Tygervallei</b>	2,974,046	0.001709	3,256,774	0.001803
<b>Voortrekkerwegkorridor</b>	15,408,476	0.002334	17,267,560	0.002559
<b>Vredeklouf</b>				
-Residensieel	2,825,932	0.001938	2,866,746	0.001958
-Nieresidensieel	<u>68,897</u>	0.002226	<u>85,036</u>	0.002267
Totaal	2,894,829		2,951,782	
<b>Woodstock</b>	4,772,059	0.001762	4,611,148	0.001694

<b>Wynberg</b>				
-Residensieel	630,560	0.000978	697,750	0.001026
-Nieresidensieel	<u>3,776,141</u>	0.003414	<u>4,036,168</u>	0.003437
Totaal	4,406,701		4,733,918	
<b>Zeekoevlei-skiereiland</b>	445,980	0.001823	481,391	0.001940
<b>Zwaanswyk</b>	1,000,390	0.000972	1,080,619	0.000873
<b>Totaal</b>	<b>169,259,963</b>		<b>198,921,125</b>	

Let wel: Bykomende tariewe in die tabel hierbo word sonder BTW aangetoon. Tariewe wat BTW insluit, verskyn in bylae 6 (boek van tariewe, fooie en heffings) op bladsy 30.1 tot 30.3.

FINANSIES – BEGROTINGS – BYKOMENDE EIENDOMSBELASTINGTARIEWE (CID's/SRA's)								
DIENSTE GELEWER	EENHEID	OPMERKINGS	2016/17	2016/17	BTW	2017/18	2017/18	%toename of afname
			R	R	Ja/ Nee	R	R	
			sonder BTW	met BTW		sonder BTW	met BTW	
Die bykomende tariewe word uitgedruk as rand-in-die-rand vir alle SRA's soos per die SRA-verordening en artikel 22 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting.								
Lughawe-industria	Rand-in-die-rand		0.001946	0.002218	J	0.002139	0.002438	9.9%
Athlone	Rand-in-die-rand		0.001989	0.002267	J	0.002146	0.002446	7.9%
Beaconvale	Rand-in-die-rand		N.v.t.	N.v.t.	J	0.002420	0.002759	N/A
Blackheath	Rand-in-die-rand		0.001111	0.001267	J	0.001311	0.001495	18.0%
Brackenfell	Rand-in-die-rand		0.002541	0.002897	J	0.002672	0.003046	5.2%
Kaapstad-middestad	Rand-in-die-rand		0.001846	0.002104	J	0.001990	0.002269	7.8%
Claremont - nieresidensieel	Rand-in-die-rand		0.001361	0.001552	J	0.001477	0.001684	8.5%
Claremont - residensieel	Rand-in-die-rand		0.000418	0.000477	J	0.000445	0.000507	6.5%
Claremont-boulevard	Rand-in-die-rand		0.000623	0.000710	J	0.000662	0.000755	6.3%
Elsiesrivier	Rand-in-die-rand		0.002867	0.003268	J	0.003198	0.003646	11.5%
Epping	Rand-in-die-rand		0.001165	0.001328	J	0.001258	0.001434	8.0%
Vishoek - nieresidensieel	Rand-in-die-rand		0.001443	0.001645	J	0.001551	0.001768	7.5%
Vishoek - residensieel	Rand-in-die-rand		0.000575	0.000656	J	0.000606	0.000691	5.4%
Glosderry - nieresidensieel	Rand-in-die-rand		0.001707	0.001946	J	0.002754	0.003140	61.3%

Glosderry – nieresidensieel > 50%	Rand-in-die-rand		N.v.t.	N.v.t.	J	0.000550	0.000627	N/A
Groenpunt – nieresidensieel	Rand-in-die-rand		0.002159	0.002461	J	0.002248	0.002563	4.1%
Groenpunt – residensieel	Rand-in-die-rand		0.000442	0.000504	J	0.000457	0.000521	3.4%
Groote Schuur	Rand-in-die-rand		0.001739	0.001982	J	0.001773	0.002021	2.0%
Kalkbaai / St James – nieresidensieel	Rand-in-die-rand		0.001496	0.001705	J	0.001576	0.001797	5.3%
Kalkbaai / St James – residensieel	Rand-in-die-rand		0.000475	0.000542	J	0.000494	0.000563	4.0%
Little Mowbray / Rosebank – nieresidensieel	Rand-in-die-rand		0.001293	0.001474	J	0.001342	0.001530	3.8%
Little Mowbray / Rosebank – residensieel	Rand-in-die-rand		0.000652	0.000743	J	0.000670	0.000764	2.8%
Llandudno	Rand-in-die-rand	Onderworpe aan Raadsgoedkeuring van die wysiging van die Llandudno-SRA se sakeplan	0.000111	0.000127	J	0.000612	0.000698	451.4%
Llandudno	Rand-in-die-rand	Bogenoemde tarief geld vanaf 1 Julie 2017 and vervang die voorgestelde 2017/18 -tarief wat in Maart voorgelê is indien die Raad die wysiging van die Llandudno-SRA se sakeplan goedkeur	0.000111	0.000127	J	0.000139	0.000158	25.2%
Maitland	Rand-in-die-rand		0.001965	0.002240	J	0.002215	0.002525	12.7%
Montague Gardens/Marconi Beam	Rand-in-die-rand		N.v.t.	N.v.t.	J	0.000717	0.000817	N/A
Muizenberg – nieresidensieel	Rand-in-die-rand		0.002435	0.002776	J	0.002634	0.003003	8.2%
Muizenberg – residensieel	Rand-in-die-rand		0.000847	0.000966	J	0.000905	0.001032	6.8%
Northpine – nieresidensieel	Rand-in-die-rand		N.v.t.	N.v.t.	J	0.002081	0.002372	N/A
Northpine – residensieel	Rand-in-die-rand		N.v.t.	N.v.t.	J	0.001197	0.001365	N/A
Observatory – nieresidensieel	Rand-in-die-rand		0.001633	0.001862	J	0.001861	0.002122	14.0%
Observatory – residensieel	Rand-in-die-rand		0.000908	0.001035	J	0.000989	0.001127	8.9%
Oranjekloof – nieresidensieel	Rand-in-die-rand		0.002087	0.002379	J	0.002262	0.002579	8.4%
Oranjekloof – residensieel	Rand-in-die-rand		0.000442	0.000504	J	0.000478	0.000545	8.1%
Paardeneiland	Rand-in-die-rand		0.001072	0.001222	J	0.001097	0.001251	2.3%
Parow-industria	Rand-in-die-rand		0.001665	0.001898	J	0.001724	0.001965	3.5%
Penzance – nieresidensieel	Rand-in-die-rand		N.v.t.	N.v.t.	J	0.003358	0.003828	N/A
Penzance residensieel	Rand-in-die-rand		N.v.t.	N.v.t.	J	0.001674	0.001908	N/A

Soutrivier	Rand-in-die-rand		0.002229	0.002541	J	0.002406	0.002743	7.9%
Seepunt - nieresidensieel	Rand-in-die-rand		0.002148	0.002449	J	0.002251	0.002566	4.8%
Seepunt - nieresidensieel	Rand-in-die-rand		0.000967	0.001102	J	0.000989	0.001127	2.3%
Somerset-Wes	Rand-in-die-rand		0.002466	0.002811	J	0.002697	0.003075	9.4%
Stikland-industria	Rand-in-die-rand		0.001881	0.002144	J	0.001987	0.002265	5.6%
Strand	Rand-in-die-rand		0.002334	0.002661	J	0.002592	0.002955	11.1%
Triangle-industria	Rand-in-die-rand		0.002953	0.003366	J	0.003100	0.003534	5.0%
Tygervalley	Rand-in-die-rand		0.001709	0.001948	J	0.001803	0.002055	5.5%
Voortrekkerweg-korridor	Rand-in-die-rand		0.002334	0.002661	J	0.002559	0.002917	9.6%
Vredeloof - nieresidensieel	Rand-in-die-rand		0.002226	0.002538	J	0.002267	0.002584	1.8%
Vredeloof - residensieel	Rand-in-die-rand		0.001938	0.002209	J	0.001958	0.002232	1.0%
Woodstock	Rand-in-die-rand		0.001762	0.002009	J	0.001694	0.001931	-3.9%
Wynberg - nieresidensieel	Rand-in-die-rand		0.003414	0.003892	J	0.003437	0.003918	0.7%
Wynberg - residensieel	Rand-in-die-rand		0.000978	0.001115	J	0.001026	0.001170	4.9%
Zeekoevlei-skiereiland	Rand-in-die-rand		0.001823	0.002078	J	0.001940	0.002212	6.4%
Zwaanswyk	Rand-in-die-rand		0.000972	0.001108	J	0.000873	0.000995	-10.2%

-0000-

## ISIXEKO SASEKAPA

### ISAZISO

Ngokwemigaqo yeCandelo 14 (2) loMthetho kaRhulumente weNgingqi woLawulo lweeRhafu zePropati zikaMasipala, ongunomb.6 ka-2004, kwamkelwa esi sigqibo sisodwa silandelayo semirhumo yeerhafu kulo Masipala liBhunga ngomhla wama-30 kuCanzibe 2017 kwaye ngenxa yoko uyabhengezwa:

#### SPC 07/05/17: UHLAHLU-LWABIWO-MALI LONYAKA-MALI KA-2017/18 UKUYA KU-2019/2020

**KWAGQITYWA** ukuba:

- (a) makuphunyezwe kwaye makwamkelwe uhlahlo-lwabiwo-mali lonyaka lweSixeko lonyaka-mali ka-2017/18; kunye nesabelo esalathayo seminyaka-mali emibini ekujoliswe kuyo engaphandle ka-2018/19 noka-2019/20 kuquka nemigaqo-nkqubo enxulumene noku, nanjengoko kuqulunqiwe kwezi shedyuli nezihlomelo zilandelayo:
  - (x) Iirhafu zeMirhumo yeePropati eboniswe kwisiHlomelo 2;
  - (xi) UMGaqo-nkqubo ongeMimandla yeeRhafu ezizodwa (SRA), amaxabiso awongezelelweyo e-SRA njengoko kuqulunqwe kwisihlomelo-3;

Inguqulelo yesiNgesi yinguqulelo eyamkelweyo

### ISIHLOMELO 2

#### IIRHAFU ZEMIRHUMO YEEPROPATI KOWAMA-2017/18

Iirhafu zeePropati ziza kuhlawuliswa ngokungqinelana nemigaqo-nkqubo yeBhunga ekhoyo, uMthetho woMasipala woRhulumente weNgingqi olawula iirhafu zeePropati, uMthetho 6 ka-2004 (MPRA), uMthetho oLungisiweyo we-MPRA wango-2014 (MPRAA), iMigaqo ye-MPRA noMthetho woLawulo lweziMali zikaMasipala wango-2003.

UMGaqo-nkqubo olawula iirhafu, wathi waqulunqwa kuthathelwa ingqalelo uluvo oluphuma kwiKomiti yeMicimbi yezeMali, kooCeba, abarhafi, nabaxumi ukususela ekumiseleni koMGaqo-nkqubo ongeeRhafu zePropati ka-2016 /17 kuCanzibe 2016. Ukongeza, waye waziswa ngokweNkqubo yeNtatho-nxaxheba yoLuntu eyaqhutywa kwisithuba senyanga kaTshaziimpuzi 2017. Kwaye kwahlengahlengiswa i-Akhawunti kaMasipala iyonke (TMA) ngenjongo yokuhlola impembelelo yemirhumo yeBhunga emele ukuhlawulwa kwizindlu ezabelwe kwizintlu zoqingqo-maxabiso ezilishumi elinesine ngenjongo yokuhlola ukumelana kwesambuku sokonyuswa kwemirhumo.

Iirhafu zemirhumo yeePropati zisekelwe kumaxabiso aboniswe kuMqulu woQingqo-maxabiso Jikelele 2015 (GV) nomhla woqingqo-maxabiso ongowoku-1 kweyeThupha 2015. Lo Mqulu uhlaziyelwa iipropati ezichaphazelekayo kulwahlula-hlulo lwemihlaba, iinguqulelo kwizakhiwo, ezichithwayo nezakhiwo ezintsha (eziphuculweyo) kusetyenziswa iMiqulu yoQingqo-maxabiso eyoNgeziweyo.

Ngokufanelekileyo umyinge weerhafu kwipropati nganye uyakuxhomekeka kwixabiso lalo propati xa lithlelekiswa noqingqo-xabiso lwazo zonke iipropati ezirhafiswayo kummandla kamasipala.

Izaphulelo neemvume zinikezelwe kwizintlu ezithile zosetyenziso lwePropati kunye/okanye abanini-propati.

Iinkcazelo nokudweliswa kweendidi ziboniswe kuMGaqo-nkqubo weeRhafu oqhotyoshelwe njengesihlomelo 5.



### **IiPropati zokuHlala**

Kuzo zonke iipropati zokuhlala, ezichazwe ngokoMgaqo-nkqubo olawula iirhafu, iirhafu ezimele ukuhlawulwa ziya kuba nesaphulelo sexabiso lemihumo emele ukuhlawulwa kwezo propati ngexabiso lokuqala lama-R200 000 kwixabiso ngalinye leepropati.

Isiphakamiso sexabiso lesenti kwirandi iza kuhlawuliswa kuzo zonke iipropati zokuhlala, njengoko kuchaziwe kuMgaqo-nkqubo weRhafu kunyaka-mali ka-2017/18, lifikelela kwi- R0, 006717. Eli liqondo elisisiseko nazo zonke ezinye iirhafu ziya kubonakaliswa njengeqondo kwirhafu yokuhlala.

